



Radiopraatjie vir RSG - 21 Februarie 2017 - Dr Chris Viljoen

Die voordele van die Verbouing van gewasse in Kweekhuise vir die SA Produsent

'n Kweekhuis is 'n struktuur met 'n ligdeurlatende bedekking soos glas of plastiek waarin plantgewasse gekweek kan word. Die gewasse word teen die uiterste weerstoestande beskerm, soos bv. sterk winde, koue, hael en hitte van die son. Die ideale groeitoestande word dus vir die plant geskep sodat dit onder ideale toestande kan groei vir maksimale groei.

Beter kwaliteit landbouprodukte kan gekweek word in 'n kweekhuis. Met 'n kweekhuis is 'n verlengde kweekseisoen moontlik, sodat meer produkte per jaar gekweek kan word (selfs in die winter) en 'n hoër opbrengs/m² kan verkry word. Tamatie-opbrengste van 60 kg/m² is in kweekhuise moontlik teenoor die 6 kg/m² buite.

Met produksiefaktore soos omgewingstemperatuur, lig, water en bemesting, kan seisoene kunsmatig in die kweekhuise geskep word. Die produkte word dan ook beskerm teen uiterste weersomstandighede, soos hael, stormwinde, hittegolwe, ryp, insekplae van buite, ens. Voeg hierby tegnologie soos hidroponika, outomatiese temperatuurbeheer en skadu gordyne, dan is maksimale produksie moontlik. Nederland met sy 6 000 ha onder kweekhuise is na die VSA die wêreld se grootste uitvoerder van landbouprodukte.

Suksesvolle sakemene sê jy kan nie geld maak as jy nie bereid is om geld te investeer nie. Die belegging in infrastruktuur sal die entrepreneur beloon met hoër waarde produkte wat in aanvraag is by die hoër kwaliteit supermarkte wat 'n premie vir gehalte sal betaal. Met duurder wordende energiekoste, is die regte doelgemaakte kweekhuis een wat die minimum energiekoste sal hê. Die Hollanders bv. bou deesdae kweekhuise wat 6m hoog is om as buffer te dien teen hitte en koue. Die verhitters of verkoelingstelsel hoef dus nie meer so gereeld aan en af te skakel nie weens die groter lug buffer bo in die kweekhuis. Die besparing in energiekoste kompenseer vir die effens hoër kapitaalkoste. Die gebruik van kweekhuise is tans onderbenut in Suid-Afrika.

Petrus Britz

Navorsingspanbestuurder by LNR – Instituut vir Landbouingenieurswese, Silverton, Pretoria

Tel: 012 842 4311

e-Pos: BritzPJ@arc.agric.za